FAKS: 012-394 4258

AANDAG: MNR. KEITH WEEKS
MEDEDINGINGSKOMMISSIE

Geagte Meneer

In reaksie op 'n berig oor buitengewone bankkostes in 'n onlangse sakeblad, wil ek net onder u aandag bring dat ek erg verontwaardig was toe ek so twee jaar terug moes uitvind dat elke liewe polis-premie by 'n bepaalde versekeringsmaatskappy 'n aparte debietorder-aftrekking by die bank meebring (In my geval Eerste Nasionale Bank). M.a.w. in 'n geval soos myne waar daar sowat 5 debietorders afgegaan het maandeliks is almal as aparte transaksies hanteer en het elk transaksiekoste meegebring, waar ek gevoel het met 'n totale enkele aftrekking dit vir die kliënt besparing kon meebring. By navraag by die bank oor die saak is ek meegedeel dat die versekeringsmaatskappy daarop aandring dat dit so gedoen word.

Tans betaal ek self – gelukkig! – weinig bankkoste op grond daarvan dat ek op 55 as 'n "senior burger" geag word en met 'n belegging van R10 000 wat dien as sekuriteit, gratis bankkoste geniet! Iets waarvoor ek baie dankbaar is.

Dankie vir u aandag!

(Mev.) C.E.J. Visser
Posbus 114
CALVINIAS
8190
Tel. 027-3412292
Datum: 18 Mei 2006